# STROOM OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL EERSTE UITGAWE 2024



# Die Rooi, die Geel die Groen...

Atlete wys hulle staal bl.10

Foto: Christiaan van der Westhuizen

## LEEFWYSE

Bl. 5



Affies se fotograwe het mekaar die stryd aangesê om te bepaal wie die beste "gees"-foto kan neem. Boonop kan al die *Stroom-op*-lesers deel wees van dié opwindende kompetisie. Die finaliste is Herno van Tonder, Christiaan van der Westhuizen, Joshua Kok en Hanru Botha (voor) en Joshua van der Merwe, Marnu van Zyl en Ruan Brummer (agter). Heel agter staan mnr. Kenneth Holder, wat die inskrwyings saam met mnr. Billy Brown beoordeel het.

## SPORT



Gholfspelers van Hilton, Michaelhouse, Kearsney, Maritzburg College, Clifton, Grey Kollege, Grey High School, Paul Roos, Paarl Gimnasium, Paarl Boys' High en Waterkloof het van 25 tot 28 Maart aan die Affie Gholf Feestoernooi kom deelneem en het op die bane van Silver Lakes, Irene, Centurion en Serengeti kragte gemeet. Affies eindig in die derde plek ná Paarl Boys' High en Kearsney College.

## KULTUUR



Het jy daai foto in *Stroom-op* gesien? Sosiale media mag dalk vir baie ouens aanloklik wees, maar hiérdie Affie-man geniet beslis nog sy gedrukte koerant.
Die redaksie het 'n kitspeiling gedoen en 175 uit die 180 seuns wat gevra is, wil steeds die koerant in die hand hê om huis toe te neem. Die meeste ouens bêre dit in 'n lêer om eendag op hul hoërskooldae by Affies te kan terugkyk.

# REDAKSIONEEL

**LAAT DAAR LIG WEES**

-Neil Grobbelaar-

Vier woorde wat 104 jaar se geskiedenis saamvat. Vier woorde wat nou in nóg 'n generasie se lewe ingeweef is en vier woorde wat na aan 1 400 broers se harte is.

Met die afskop van die eerste kwartaal is die nuwe graadagts by die skool verwelkom deur die twintig matriek-Affieraadslede wat hulle wil mentor en laat verstaan hoekom 1 400 broers Affies nie as net nóg 'n skool sien nie.

Die graad 9's het vanjaar by Redelinghuyspoort ingestap met 'n sug van verligting omdat hulle nie meer op die gras of die vierkant hoef te draf nie. Die graad 10's het die skool betree, gereed om vir die eerste keer as seniors van die skool te dien. Vir die graad 11's was die eerste paar dae van 2024 'n herhaling van "Hierdie is jou belangrikste jaar", maar hulle is opgewonde om die matrieks van die skool by te staan. Laaste maar nie die minste nie, het die einste matrieks hulle jaar van laastes afgeskop met opwinding om die skool te lei en vooruitsigte om as 'n mentor die graad agts op te lei. Tog, al is almal op hulle eie pad, het elke broer weer op die vierkant aangetree met één ding in gemeen: die vier woorde "LAAT DAAR LIG WEES". Dit is op elke Affie se hemp geskryf en in hul harte ingegraveer.

Hierdie vier woorde is woorde wat jou gedagtes altyd sal lei om te dink aan die herinneringe wat jy saam met jou broers in rooi, geel en groen ingekleur het. Hierdie woorde laat jou nadink aan die begin van Afrikaanse Hoër Seunskool in 1920, maar ook aan die oomblik toe ons Almagtige Vader lig oor hierdie wêreld van Hom uitgespreek het en ons as sy ligdraers aangewys het.

Hierdie vier woorde is woorde wat van geslag tot geslag oorgedra word en wat vir altyd die innerlike gevoel van trots sal kweek. Dis vier woorde wat jou altyd sal laat dink aan hoe jy hoendervleis kry as die Rooidasse sing, of hoe die gedreun van 1 400 stemme vrees en jaloesie in ander skole aanwakker wanneer "Die rooi, die geel, die groen" oor Boereplaas weerklink.

Vier woorde wat altyd jou siel tot rus bring as jy terugdink aan 'n doodnormale dag saam met jou broers.

Vier woorde wat reeds 104 jaar gelede aan die naam "Affies" ewigheidswaarde gegee het. Vier woorde wat beklemtoon hoe 1 400 broers onder één naam saam kniel voor ons allerhoogste God.

## Redaksie

Neil Grobbelaar (redakteur), Tiaan Loots (adjunkredakteur: Akademie en Leefwyse), Deon Spies (adjunkredakteur: Sport), Joshua van Zijl (adjunkredakteur: Kultuur), Stef Pretorius, Adriaan Nel, Andru van Zyl, Callie Visagie, Christiaan Brits, Dylan Koegelenberg, James Roets, Alexander Coetzer Kristensen, Christiaan Brits

# AFFIE-ONDERWYSER NOU OOK KITAARONTWERPER

-Joshua van Zijl-






Dr. Thinus Boshoff (regs) saam met die kitaarbouer (of "luthier") Hans van den Berg in sy werkswinkel in Meyerton.

Dr. Thinus Boshoff (kitaaronderwyser by AHS) het pas, in samewerking met die bekende Suid-Afrikaanse kitaarbouer, mnr. Hans van den Berg, sy nuwe kitaarreeks bekendgestel.

Die kitare is met die hand gemaak en voldoen aan al die spesifieke eienskappe wat dr. Boshoff graag in 'n kitaar wil sien. "Dié instrumente is vir my baie spesiaal, want ek kon die soort hout kies, snaarspasiëring aanpas en ook die vingerbord effens lig, wat 'n invloed op die hantering én die klankkwaliteit het. Ek ken mnr. Van den Berg reeds vir 20 jaar lank en dit was dus baie lekker om saam hieraan te werk."

Die reeks se kunswerk of "roset" wat om die klankgate van die kitare is, is ook deur dr. Boshoff ontwerp. "Die ontwerp stel die Kaaps-Hollandse gewel voor en het ingelegde stukkies boekenhout in om dit 'n ekstra Suid-Afrikaanse kleur te gee. Die kitaar met die ligte kleur is gemaak uit sparhout of "spruce" uit Kanada en die donkerder weergawe uit sederhout wat uit Europa ingevoer is. Die agterkant van die kitare is van Indiese rooshout gemaak."



Die bekendstellingskonsert het einde Februarie by die kapel by Nazareth House plaasgevind en een van Affies se kitaarkwartette, Die Vismotte, het tydens die geleentheid opgetree. Die groep bestaan uit Carl-Heinz Jankowitz, Ivan Pope, Ruan Brummer en Ian Rheeders.

# Die *Stroom-op*-span besoek Maroela Media

-Stef Pretorius -

"'n Joernalis moet die vermoë hê om 'n ander ou se storie namens hom te vertel." Só het me. Susan Lombaard, uitvoerende hoof van Maroela Media, tydens *Stroom-op* se besoek in Februarie aan die redaksie verduidelik.

As die grootste Afrikaanse hoofstroom-mediaplatform in die land, het die span aan die redaksie 'n unieke opleidingsgeleentheid gebied, met gesprekke oor die onderskeid tussen harde en sagte nuus, sowel as die geheime intrige van "honde met lelike tande."

Die kantore van dié mediahuis is sedert Julie 2022 op die terrein van die Voortrekkermonument geleë en die manne was eers op 'n kort toer deur die indrukwekkende kantore voordat hulle aan "jaffels" en Coke kon weglê. Hulle is toe na die konferensiekamer vir 'n kort lesing oor die werksaamhede van dié mediahuis, wat afgesien van digitale nuus, ook tydskrifte, televisie- en radioproduksies insluit.

Verder is die opvatting van joernalistiek as 'n sit-en-skryf-beroep weerlê. Die span was ook in die ateljees by Maroela Media en die vindingryke radiodramas en kookdemonstrasies wat opgeneem word, was 'n openbaring. Die motorjoernalis, Brendon Staniforth (foto links onder), se werk het die Affies veral gaande gehad, want dit is sy plig om te reis en om nuwe karre te toets – 'n droomloopbaan! Die hoogtepunt? 'n Interaktiewe potgooi-sessie waar die *Stroom-op*-span die geleentheid gekry het om met Maroela Media se aanbieder en met mekaar onderhoude te voer.





Die redaksie voor die ateljee waar die radiodramas opgeneem word. Voor sit Alexander Coetzer Kristensen, James Roets, Callie Visagie, Dylan Koegelenberg en Christiaan Brits. Agter is Stef Pretorius, Andru van Zyl, Joshua van Zijl, Deon Spies, Tiaan Loots en Adriaan Nel.

# Affies groet mnr. Robert Mogola



AHS moes onlangs met hartseer van 'n geliefde terreinwerker, mnr. Robert Mogola, afskeid neem. Hy was oor die Paasnaweek in 'n noodlottige motorongeluk betrokke.

Mnr. Mogola het, sedert 2008, op sy stil en nederige manier, 'n trotse bydrae tot Affies se terrein gemaak.

Die ganse Affie-gemeenskap simpatiseer met sy drie kinders, familie en geliefdes.

# 45 DAE, 22 URE EN 57 MINUTE ALLEEN IN 'N BOOT OP SEE! ... en jy het gedink 'n wiskundeperiode is lank!

-Tiaan Loots-





Peet Botma en Tiaan Loots

Peet Botma (matriek 2002) het die feitlik onmoontlike vermag deur die Atlantiese Oseaan stoksielalleen met 'n roeiboot oor te steek.

Dié dapper oud-Affie het einde verlede jaar aan die enkel roei-afdeling van die "World's Toughest Row"-uitdaging deelgeneem en het in die enkelafdeling vierde uit elf bote geëindig. Die ander afdelings is vir bote met twee-, drie-, en vierman-roeiers.

Peet sê hy het in Simonstad by die Cape Coastal Rowing Club aangesluit en vir 'n jaar en 'n half voorberei om hierdie reis aan te pak. Sy boot is in Holland gebou en hy kon daarom nie baie met die spesifieke boot oefen nie. Hy het baie gefokus op versterkings-oefeninge in die gimnasium en het hom ook geestelik voorberei deur boeke te lees en te fokus op alleentyd.

"Van my voorbereiding het egter ook reeds tydens my skooljare op Affies begin, want ek het van graad 9 af vir die eerste water-polospan gespeel en was ook lief vir swem. My liefde en passie vir watersport en die see het deel gevorm van my oorweging om dié uitdaging aan te pak", vertel hy.

"Die grootste deel van my tyd op die see was ek met baie verskil-lende aktiwiteite besig – van roei tot kosmaak en navigasie. Slaap was 'n groot dilemma weens die branders wat die boot tref en die ongemaklike beweging van die see. Sekere aande het ek in ge-heel minder as 'n uur slaap gekry, meestal ook maar onderbroke.

Die meeste van die tyd het ek egter geroei, selfs tot 15 uur per dag. Dan het ek maar na musiek of potgooie geluister of met my familie gesels.

"Die kosmakery het ook heelwat tyd geneem. Daar is formules waarvolgens jy jou etes moes uitwerk volgens gewig en aantal kalorieë wat jy verbrand. Ek moes tussen 7 500 en 8 000 kilokalorieë per dag inneem. Dit is heelwat as jy in ag neem dat 'n baie groot bord kos rofweg uit sowat 1 000 kalorieë bestaan."

Volgens Peet was een van sy grootste uitdagings 'n probleem wat hy met sy watersuiweraar gehad het. Hy het 'n klep ver-keerd toegedraai en 'n stukkie van die pyp het gebars. Gelukkig was die bars op 'n plek wat hy dit kon regmaak, anders was daar moeilikheid. "Verder kon ek vir 40 dae nie stort nie weens moeilike om-standighede op die boot. Twee dinge wat ek sal saamvat as ek die reis weer sou aanpak, is 'n gemakliker kussing en meer droë vrugte."

Natuurlik was daar baie dinge om te geniet. Peet sê dit was lekker om in die see te spring en die boot se onderkant skoon te maak en om te sien hoe die seevoëls oor die branders sweef. "Dit was ook ongelooflik om 'n volle reën-boog oor die see te sien – dit was 'n baken van hoop."

Uiteindelik was Peet (ook genoem Freedom Rower) se doel met die reis om mense te inspireer en hulle aan te moedig om hul drome na te jaag. "Die doel was ook vir my om te sien wat wórd 'n mens in die proses en nie wat 'n mens bereik nie."

Peet het almal voorwaar geïnspireer om ook persoonlike uitdagings te oorkom – selfs as dit onverwags is.



# Vier Affie-musiekonderwysers wys hul slag in orkes by internasionale kompetisie

-Joshua van Zijl-

Vier van Affies se musiekonderwysers was in Februarie as orkeslede van die Johannes-burgse Filharmoniese Orkes by UNISA se internasionale klavierkompetisie betrokke. Mee. Carmi Viljoen en Carli D'Alebout het as violiste hul plek volgestaan, terwyl mnre. Braam van Tonder en Jaco van Staden onderskeidelik trompet en Franse horing ge-speel het. Ingewikkelde werke soos Tchaikovsky se Eerste Klavierkonsert en Rachmaninoff se Tweede Klavierkonsert is voorgedra, wat ook groot eise aan die orkes gestel het. Die kompetisie is by UNISA se ZK Matthews-saal aangebied.






# Spiksplinternuwe John Deere maak mnr. Jappie Makau se lewe makliker

-Deon Spies -



Mnr. Jappie Makau werk reeds sedert 2009 by Affies. Hy het voorheen as 'n jong man naby Vaalwater op 'n plaas gewerk en het daar leer trekker bestuur. Daarna het hy by me. Nelia van Zyl (oudonderwyseres by Affies) gewerk en haar meermale gehelp wanneer sy die matriekafskeid moes aanbied, daardie tyd nog by die Pretoria Stadsaal.

Hy wou graag by die skool kom werk en me. Van Zyl het dit toe met Dok Edwards en mnr. Sakkie van der Walt bespreek. Sedert 2009 werk hy toe by Affies en ry al vir jare trekker en is verantwoorde-lik om die gras voor die skool en op al die sportvelde te sny.

"Die vorige trekker het my groot probleme begin gee en wou nie altyd vat nie. Dié nuwe trekker is baie beter. Dit het byvoorbeeld 'n toeter om seuns te waarsku as ek aankom en ook flikkerligte wat 'n mens dringend nodig het as jy na die veld by die Pretoria-klub in Groenkloof moet ry om die gras daar te gaan sny," vertel mnr. Makau.

**Baie dankie aan AFGRI wat AHS met die aankoop en aflewering bygestaan het.**

# Matriekgroep van 2023 maak Affies trots

-Deon Spies-

## Slimmes deel hul suksesresep!


George Gie het nege onderskeidings behaal en studeer tans Aktuariële Wiskunde by UP.


Wian van Rooyen (hier by mnr. Joynt) is as die tweede beste matrikulant in Gauteng aangewys. Hy studeer medies aan UP.

Die matrieks van 2023 kon vanjaar op 19 Januarie hul uitslae by die skool kom afhaal en vir die meeste van hulle was dit maar 'n stresvolle oomblik toe hulle dié belangrike koevert moes oopmaak.

Al 244 kandidate het egter die Nasionale Seniorsertifikaateksamen geslaag, en 91,8% boonop mét universiteitstoelating. Die groep behaal saam 410 A-simbole en die gemiddeld van die leerlinge, alle vakke ingereken, was 69%.

Wian van Rooyen was Dux-leerling van dié groep en was met sy gemiddeld van 96% die tweede beste matrikulant in Gauteng. Hy het aan *Stroom-op* gesê die belangrikste element van sy prestasie op skool was harde werk en toewyding. "Maar al moes ek opofferings maak, kon ek steeds gehaltetyd met my vriende spandeer. Balans is belangrik. Ek het geweet dat 'n naweek nie nét daar is vir kuier nie."

*Stroom-op* het ook vir oudredaksielid, George Gie, gevra wat sý suksesresep vir sy nege onderskeidings was. Volgens George het hy sy werk opgedeel in kleiner stukkies om moed te hou en dit klaar te kry. "Ek het dit soos die spreekwoordelike olifant stukkie vir stukkie opgeëet," sê hy.

# Dux-leerlinge = Draf?!

-Stef Pretorius-


Emile Els


Ivan Pope


Iddo van Daalen


Frikkie Janse van Rensburg

Die akademiese prysuitdelingsfunksie was vanjaar op 21 Februarie en soos altyd is daar by dié glansgeleentheid aan elke graad se top akademiese presteerder erkenning gegee. Die toppresteerders vir 2023 was Emile Els (graad 8), Ivan Pope (graad 9), Iddo van Daalen (graad 10) en Frikkie Janse van Rensburg (graad 11).

*Stroom-op* het met die skryf van die berig agtergekom dat twee uit die vier Dux-leerlinge, Iddo van Daalen en Emil Els, ook bobaasatlete is, wat jou laat wonder of daar 'n verband is tussen intellektuele uitmuntendheid en langafstandhardloop. Die vraag na die verband tussen hul akademiese sukses en uithouvermoë op die sportveld bly 'n boeiende punt om te oordink. Is daar dalk die moontlikheid van 'n soort sinergie tussen intellektuele fokus en fisieke prestasie?

Indien hierdie hipotese dalk eendag in 'n wérklike wetenskaplike studie bevestig word, … onthou: Jy het dit eerste in *Stroom-op* gehoor!



# Toer na Europa beslis een vir die (geskiedenis) boeke!

-Alexander Coetzer Kristensen-

'n Volle 35 Affies het op 3 Desember verlede jaar onder leiding van mnr. Niel Coetzer en me. Hybré Schoeman op 'n opwindende geskiedenistoer na Oostenryk, Slowakye, Pole, Tsjeggië en Duitsland vertrek.

Die seuns het verskeie stede soos Wene, Krakow, Bratislava, Praag en Berlyn besoek en het oral by geskiedkundige plekke en museums aangedoen. Een van die mees aangrypende ervarings vir die seuns was die besoek aan die Auschwitz-Birkenau-konsentrasiekamp in die suide van Pole. Op die foto is die Affie-geskiedkundiges voor die Reichstag-gebou in Berlyn, Duitsland.

# Van woordestryd tot spanbou!


## Debat begin die jaar op die voorvoet

-James Roets-

Die Affie-debatteerders het 2024 op gepaste wyse ingelui met die jaarlikse kamp by Conclave Lodge net buite Pretoria.

Dr. Gustav von Bratt en mnr. Hanno Wassermann het opleiding gegee en dit aan die Affies duidelik gemaak wat debat werklik behels. Oor die volgende twee dae het die manne mekaar tydens verskeie oefendebatte die stryd aangesê om waarlik 'n gevoel vir dié aktiwiteit te kry. Volgens die seuns wat die geleentheid bygewoon het, was die kamp nie net leersaam nie, maar ook ongelooflike pret.

Bowenal kon 'n mens reeds sien dat jy deurslaggewende lewensvaardighede aanleer deur aan debat deel te neem.


Die groep debatmanne het reeds die naweek voor die skool begin het, by Conclave Lodge bymekaargekom.



# Graad 10's leer én koel af op uitstappie

-Alexander Coetzer Kristensen-

Sewentig graad 10-lewenswetenskapleerders was vroeg in Maart op 'n ekologie-uitstappie na Happy Acres in Magaliesburg. Dié jaarlikse ekskursie maak ook deel uit van almal se praktiese assessering.

Die seuns het nie net die biodiversiteit van plante en diere ondersoek nie, maar het ook gekyk na die klassifikasie van hierdie organismes in terrestriële sowel as akwatiese ekosisteme.

Afgesien daarvan dat dit 'n leerervaring was, het die graad 10's ook die geleentheid gekry om so 'n bietjie in die koue rivierwater af te koel.



# π- dag op 3.14

Op 14 Maart het die Wiskundedepartement Pi-dag gevier deur hulle spesiale T-hemde te dra. Elke personeellid is boonop bederf met 'n spesiale Pi-dag-koekie!

Voor is mnr. Janko Dreyer, me. Adri Odendaal, mnr. Hanco Deale en mnr. Bert Rossouw. Agter staan mnr. David Jaquire, mee. Marlene du Toit, Liesel Ferreira, Izet Kleynhans, Marietjie Smith, Elmarie van Loggerenberg en mnr. Jan Grabie.

# KIES DIE BESTE GEESFOTO EN WEN 2 X HAMBURGER, CHIPS EN COKE BY 1920!

-Joshua van Zijl-

Die fotograwe van die Affie-fotografieklub het die afgelope kwartaal die geleentheid gehad om hul beste geesfoto's vir die klub se eerste kompetisie in te skryf. *Stroom-op*-lesers kan nou deel in die pret en op die koop toe 'n lekker prys by 1920 wen. Al wat jy hoef te doen, is om die QR-kode regs bo te gebruik en vir jou gunstelingfoto te stem. Almal wat die wenner reg voorspel, kom tydens 'n gelukkige trekking in aanmerking vir die prys. Die wenner van die fotografiekompetisie sowel as die gelukkige "voorspeller" sal in die volgende uitgawe van *Stroom-op* aangekondig word.

















## Koor én orkeste spring weg met oefenkampe

-Stef Pretorius en Joshua van Zijl-

Die 87 lede van die 2024-koor het die eerste naweek in Februarie hul koorkamp by Achterberg-kampterrein by Krugersdorp gehou. Daar was natuurlik genoeg tyd om die repertorium in te oefen, maar daar was ook geleentheid vir aktiwiteite soos swem en boeresport.





Die klarinette hard aan die oefen!
Van links is Merwe Brink, mnr. Floris Smith, Ewan van der Walt, Henry Murray en Basie Kromhout

Ook die stryk- en konsertorkeste het die jaar op die voorvoet begin met 'n oefenkamp by Leribisi Lodge aan die einde van Februarie. Kort op hul hakke was die kamp van die kitaarorkes en die Swingensemble wat op dieselfde terrein plaasgevind het. Affie-gehore kan vanjaar daarna uitsien om onder andere die filmmusiek van "How to Train your Dragon" te hoor.

## *Honderde deelnemers vir redenaarskompetisie op Affie-grond*



Affies het vanjaar ingestem om die bekende Van Huyssteens Oratorsfees aan te bied. Volgens mnr. Arnold Cloete (hoof: Kultuur) het die skool oor dié vier dae amper 900 laer- en hoërskoolleerders ontvang. AHS se graad 11- en 12-spanne wen albei die Afrikaans spankompetisie. Die graad 11-span wen ook die tweetalige kompetisie. Van links is die graad 10-span: James Roets, Alexander Coetzer Kristensen, Werner Victor en Paul Ralph Smit.

# Hoofman Theuns wil op Affies se tradisies voortbou

-Neil Grobbelaar-



Neil Grobbelaar en Theuns Maritz voor die hoofgebou

Theuns Maritz, hoofseun van 2024, het in 'n onderhoud met *Stroom-op* vertel hoe hy sy termyn as hoofseun ervaar en wat sy wens vir die matriekgroep, die skool en die standerdsesse van 2024 is.

**Watter vorige hoofman se voorbeeld wil jy nastreef en hoekom?**
Oom Reinhardt Ludwig. Ek het van die eerste dag wat ek by Affies ingestap het, opgekyk na hom. Hy was baie nederig en het deur sy optrede en woorde gewys hoe baie hy vir die skool gevoel het. Hy was die perfekte rolmodel vir 'n jong seun wat nog sy voete moes vind.

**Wat is die één boodskap wat jy graag aan die nuwe standerdsesse wil oordra?**
Streef daarna om die ideale Affie te wees. Wees jouself, maar leef die waardes wat Affies vir jou leer, uit. Jou tyd op Affies is minder as wat jy dink. Benut daarom elke oomblik en skep herinneringe. Neem deel aan álles wat jy kan, want Affies gee jou daardie geleentheid.

**Wat is jou vooruitsigte vir die matrieks van 2028 (jou standerdsesse)?**
Om Affies 'n beter plek te los as wat hulle dit gekry het. Om alles wat hulle by ons as matrieks leer, aan die volgende groep oor te dra en om só te bou op die tradisies wat Affies so spesiaal maak.

**Wat wil jy hê moet jou nalatenskap as hoofman van 2024 wees en hoe wil jy hê moet mense jou onthou?**
Ek wil graag hê dat mense my moet onthou aan die manier waarop ek ons matriekgroep gelei het, maar dit is uiteindelik vir my belangriker dat die héle matriekgroep van 2024 as 'n sukses in die geskiedenisboeke opgeteken moet word. Ek wil alles wat Affies vir my deur die jare beteken het, in my dade laat weerspieël en 'n voorbeeld vir al my mede-Affies stel.

**Hoe kry jy dit reg om jou akademie, sport, kultuur en sosiale tyd te balanseer?**
'n Mens moet net gefokus bly op jou doelwitte. Elke dag bring sy eie uitdagings en jy moet hard werk en fokus op wat belangrik is. Om my kop skoon te kry, probeer ek maar ook om so nou en dan iets te doen wat ek baie geniet.

**Wat wil jy hê moet al die Affies in 2024 nastreef?**
"Affies, we're never going down till we reach the top."

# 2028-matrieks word deel van Affies

-Neil Grobbelaar

Soos aan die begin van elke jaar het 2024 se nuwe, opgewonde standerdsesse op Maandag 15 Januarie 2024 deur Redelinghuijspoort gestap. Daar om hulle te ontvang, was die 19 skrikkeljaar-ooms onder leiding van Theuns Maritz, hoofman 2024, of onder die standerdsesse beter bekend as "oom" Theuns.

Vinnig-vinnig het die nuwe leerders hulle plek begin ken toe mnr. Schalk Müller hulle aan die skool, die onderwysers en hul nuwe "ooms" voorgestel het en voordat jy jou oë kon uitvee, was dit naweek en tyd vir die graad 8-kamp. Hier is die skool se tradisies, trots en geskiedenis aan die nuwe leerders oorgedra en hulle het gou begin verstaan watter voorreg hulle te beurt geval het om in 'n skool soos Affies te wees.

Die kamp het bestaan uit spanbou-aktiwiteite om broederskap tussen die seuns te kweek en het geëindig met Theuns wat sy span lei om die skoollied en "Power" vir die eerste keer saam met die hulle te sing. 'n Onvergeetlike oomblik.

Op 25 Januarie kon elke graadagtleerder sy pet en sertifikaat by die inhuldiging ontvang – die beginpunt van elkeen se loopbaan as 'n ware Affie. Matrieks van 2028: Affies verwelkom jou as nóg 'n broer waarop ons kan staatmaak.



Foto: Mia Slabbert

Oom Matt Brooks help met dasknoop voor die graad 8-inhuldiging



Muurstoot



Foto: Mia Slabbert

Die netjiese graad 8's sit die dag ná hul inhuldiging voor die pawiljoen tydens die skool se verjaarsdagviering.

# Affie-musikant ontmoet wêreldbekende violis

Gerhard du Preez (graad 12) was in Maart saam met me. Carmi Viljoen by die kleedrepetisie van 'n konsert van die Johannesburgse Filharmoniese Orkes by die Linder-ouditorium, waarvan me. Viljoen 'n lid is. Hy was gelukkig om die bekende violis en solis, me. Hyeyoon Park (foto regs), te ontmoet, sowel as die JPO-dirigent Bernhard Gueller.



## KORTLIKS

- Die konsertorkes, Swingensemble, kitaarorkes, strykorkes en Affiekoor het kort voor die vakansie die jaarlikse soirée aangebied en het met hul uithalervertoning die gaste in die volgepakte Potgietersaal op hul voete gehad.
- Affies het op 12 Maart met twee junior- en drie senior spanne aan die Rotariërs se Algemene Kennis-vasvrakompetisie deelgeneem. Die juniors eindig eerste en die seniors in die vyfde plek.

# AGT DUBBEL-DORE IN MATRIEK

-Alexander Coetzer Kristensen-

Daar is vanjaar nie minder nie as agt stelle tweelinge in matriek – iets wat mens beslis nie elke dag in één graadgroep teëkom nie. Hulle naaste teenstanders is die graad 10's wat met vier pare tweelinge kan spog.

Op die foto regs is Henre en Marius van Rooyen, Eben en Hanno Kotze, Fredrich en Mauritz Coetzer, Gerhard en Marko Hildebrand, Gunter en Gustav Combrink, Gideon en Joshua Markram, Quintin en Theo van Tonder asook Hencu en Ian Lamberts.



# Affie-Entrepreneurs sorg vir eie sakgeld

-Andru van Zyl-



Elke Affie grawe pouse vir pouse in sy sak vir 'n paar bokke wat kan sorg vir 'n ham-en-kaas by die kaf. Op die stoepe wemel dit egter van entrepreneurs wat vir hul eie sakgeld sorg. Affies het leerders wat kragbanke bou, fietsryklere verkoop en selfs met bye boer.

DJ Fairbanks (links), nou in matriek, staan aan die hoof van die besigheid Republic Honey Bees, wat soos die naam dit duidelik maak, heuning verkoop. DJ het aan die einde van graad 9 met ses korwe begin en het nog nooit teruggekyk nie. Volgens dié jong byeboer kan die korwe uit enigiets van 2 000 tot 20 000 bye bestaan en as 'n mens larwes insluit, trek hy al op 15 korwe. DJ is maar nog versigtig om te vinnig te veel te probeer doen en heg duidelik besonder groot waarde aan kwaliteit.





Dillon Duffy, nog 'n jong Affie-entrepreneur, het miskien met een van die mees praktiese idees vorendag gekom. Hy gebruik die plastiekhouers van ou damprooktoestelle en vervaardig kragbanke daarmee! Damprooktoestelle wat slegs een keer gebruik word, dra by tot besoedeling, want na die toestel opgebruik is, is dit net 'n stuk plastiek met 'n battery.

Dillon het die geleentheid raakgesien om 'n ekstra paar rand te maak terwyl hy terselfdertyd dié stukke plastiek herwin. Al wat dit verg is 'n nuwe binneste battery en vir Dillon en sy vaardige hande is dit skaars moeite.

Dillon het onlangs eers met dié plan van hom begin, maar hy maak vinnig vordering met nuwe ontwerpe.

Hy oorweeg dit ook om binnekort sy drome van meer gespesialiseerde stukke met 'n 3D-drukker te laat waar word.

Natuurlik word geen Affie toegelaat om enige produk by die skool te verkoop nie, maar selfs dié beperking demp nie die jong entrepreneursbreine se geesdrif of sukses nie.



# Kaalvoet melktert-liefhebbers op skrikkel-dag

Willem van Vollenhoven, Matt Brooks en Cayleb September het soveel moontlik gemaak van die spesiale dag wat vanjaar op 29 Februarie by Affies gevier is!

# Affies nou 104!

Die skool se verjaarsdag is vanjaar op 26 Februarie gevier – eers met 'n tradisionele saalbyeenkoms en daarna met 'n heerlike pousekuier saam met AHMP.

Op die foto regs dra die Affieraad die balk uit die Jouberthuis in voordat dit seremonieel aan die hoof oorhandig is.



Foto: Hanru Botha

# Getooi in pienk en rooi!



Valentynsdag is vanjaar by AHMP gevier en die terrein was soos altyd vrolik versier. Die groep Droomsindroom het opgetree en die seuns, meisies én die personeel het die geleentheid gehad om lekker saam te kuier.

Op die foto's regs is Nicole Nortjé en Johardt Barkhuizen en Olivia Wilde en Heinrich Diedericks wat die Dag van Liefde saam gevier het.





Foto: Marnu van Zyl

# AFFIES SE EIE "PLAKKIES" WEN DIE KONTRAK!

-Christiaan Brits-



Chris Steyn (voor) in aksie op die verhoog.



Chris Steyn en Christiaan Brits

Chris Steyn (matriek 2022) het onlangs vir groot opwinding gesorg toe hy in November verlede jaar tydens *Afrikaans is Groot* as die wenner van die TV-program, Die Kontrak, aangewys is. *Stroom-op* het hom onlangs by 1920 ontmoet en 'n paar vrae gevra.

**Waar kom die liefde vir sang en musiek vandaan?**

Ek het met musiek in die huis grootgeword, maar die Affiekoor was my eerste ware blootstelling daaraan om self te sing. Ek was wel in die laerskoolkoor, maar ons het nie rêrig baie gesing of opgetree nie.

**Vertel meer oor jou deelname aan Die Kontrak en die optrede by *Afrikaans is Groot*?**

Ek wou aanvanklik nie vir die kompetisie inskryf nie, maar my woonstelmaat in Stellenbosch het dit toe sonder my medewete namens my gedoen. Gelukkig het dit alles goed uitgewerk. Demi-Lee Moore, 'n vorige Kontrak-wenner, was my mentor en het my regtig geïnspireer om musiek te maak. Die optrede by *Afrikaans is Groot* was ongelooflik lekker, maar ook senutergend voor dié groot gehoor.

**Jou liedjie "Helemal" was binne 'n dag nadat dit vrygestel is bo-aan die trefferlys van verskeie stromingsdienste. Skryf jy self liedjies?**

"Helemal" is deur Johan Oberholzer geskryf en die ander liedjies op die album het ek in samewerking met ander liedjie-skrywers geskyf. My eerste probeerslag om 'n liedjie te skryf, was in graad 10.

**Hoekom noem hulle jou Plakkies?**

Ek het in plakkies opgetree en toe ek weer sien, het ek dié bynaam.

**Waar sien jy jouself oor tien jaar?**

Ek het nog nie regtig só ver vooruit gedink nie, maar wat 2024 betref, gaan musiek beslis my fokuspunt wees.

# Patches kom kuier!

-Andru van Zyl-



Oud-Affie Ruan de Swardt (op skool ook bekend as Patches) was onlangs vir 'n vinnige kuiertjie by sy alma mater. Dié veelsydige sportman het in sy matriek-jaar in 2016 vir sowel die Witbulle as die Witkolwe gespeel. As deel van die Protea-span het hy in die tweede toets teen die Swartpette in Februarie sy eerste internasionale vyftigtal aangeteken. By hom is twee van sy skoolafrigters, mnre. Pieter Cronjé en Leon Jonker.

# Hencu vereer as ASA se Atleet van die Jaar

-Tiaan Loots-



Hencu Lamberts (matriek) is einde Januarie deur Atletiek Suid-Afrika as die belowendste manlike junior atleet van 2023 aangewys.

Sy eerste plek (en nuwe rekord) in gewigstoot en tweede plek in diskus by die Statebondspele het beslis bygedra tot die toekenning, sowel as die podiumplekke wat hy by die O.18 Afrika-kampioenskap behaal het.

# Graad 9's maak reg vir graad 10!

-Andru van Zyl en Dylan Koegelenberg-



Die graad 9's van 2023 het kort na hulle eksamen in Desember vir hul avontuur-kamp na die Doornkloof Voortrekkerkampterrein, net buite Lindley in die Vrystaat, vertrek. Dié uitstappie berei die graad 9's jaarliks voor om hul plek as seniors by die skool vol te staan en 2023 was geen uitsondering nie. Gelukkig is daar altyd oorge-noeg tyd vir pret, soos op die foto hierbo gesien kan word.

# KORTLIKS

## Oud-Affies

- Oud-Affie-tennisspeler Christiaan Worst (matriek 2018) het in Februarie deel uitge-maak van die viermanspan wat Suid-Afrika in die Davisbeker verteenwoordig het.
- Janco Rademeyer (matriek 2018) was deel van die manswaterpolospan wat Suid-Afrika in Februarie by die FINA-wêreldkampioenskap in Doha verteenwoordig het.
- Hendré Louw (matriek 2020), het Suid-Afrika by die Senior Wêreldkampioenskap in Doha verteenwoordig. Hy het aan die 10 km-oopwaterswemkompetisie deelgeneem.
- Oud-Affie Chrisjan Maas (matriek 2021) het einde Februarie aan die Afrika Amateurgholf-kampioenskap op die Leopard Creek-gholfbaan deelgeneem en gesamentlik tweede geëindig.

## Sport

- Francois Hartslief (graad 11), Adriaan van Niekerk (graad 11) en Alexander Kelbrick (graad 12) het die O.18 NTS Waterpolospan in Maart by die nasionale kampioenskap verteenwoordig. Ruan Engelbrecht, Gert Pretorius, Ben Swarts, Christiaan Truter en Ettiene van der Merwe het op hulle beurt vir die o.16 NTS-span hul buiging gemaak.
- Jayden van Heerden (graad 9) het by die SA Kampioenskap vir Para-atlete o.17 rekords opgestel vir die 100 m en 200 m T64-items (enkelgeamputeerde, onder die knie).
- Die Suid-Afrikaanse Junior Swemkam-pioenskap het in die vakansie plaasgevind. Dietrich Zandberg (graad 8), Justin Jooste (graad 9), Xander Oosthuizen (graad 9), Luan de Witt (graad 10) en Christian Ester-huysen (graad 12) het deelgeneem. Luan wen bronsmedaljes in die 100 m- en 200 m-rugslag en goud in die 50 m-rugslag.
- AHS se tennisspelers het in Februarie aan die Gerrie Berner Tennistoernooi in Stellen-bosch deelgeneem en eindig agtste.
- Lourens Swanepoel (graad 10) is vir die O.17 SA Skolespan gekies wat gedurende die Junievakansie na Europa toer.



# Sukses vir swemmers!

-Tiaan Loots-

Die A-swemspan het op 13 Februarie die seunsafdeling van die A-interhoër oortuigend gewen. Die geesdriftige ondersteuners het die manne in die water aangespoor totdat 'n swaar reënbui die geleentheid onderbreek het. Toe die weer oorgetrek het, kon die byeenkoms gelukkig voortgaan. Afgesien van die swemspan se algehele wenprestasie, is Ethan Martins in graad 9 ook as Junior Victor Ludorum aangewys.

'n Dag later het die B-span, ook by Hillcrest-swembad, teen gedugte A-spanteenstanders derde gekom. Waterkloof was eerste en Montana in die tweede plek.

Einde Februarie het die Affie-swemmers wéér hul staal gewys en die Johannesburg Interhoër teen baie sterk kompetisie ingepalm.

Die swemspan het in



Febuarie aan die Nestor Pierides Gala by Westville Boys' High deelgeneem en soos die gewoonte is, op pad terug eers aan die Midmar-myl deelgeneem. Luan de Witt (graad 10) was die eerste Affie uit die water, met Ethan Martins (graad 9) wat kort na hom die wal gehaal het. Op die foto bo is die span (en mnr. Ferdi Postma heel links) voordat hulle die lang afstand aangepak het.

## Fietsryers na die skoolplaas vir oefenkamp

Ses en veertig fietsryers het op 15 Maart met 'n magdom fietse na die skoolplaas vertrek om te oefen en om hulle vir die eerste wedrenne in die Affie-kleure gereed te kry. Op die foto onder is Jaco du Bruyn, Pepler Engelbrecht en Reuben Spies voor hul vertrek.



# Affie-waterpolo vier 'n trotse sewentig jaar!

-Adriaan Nel-




Foto: Dr. Henry Kelbrick



Foto: Dr. Henry Kelbrick

'n Opgewonde mnr. Ferdinand en dr. Ferdi Postma tydens een van Affies se wedstryde

Ter viering van waterpolo se sewentigste bestaansjaar by Affies het die skool op 24 Februarie 'n interne feestoernooi gehou. Die hoogtepunt hiervan was 'n uiters vermaaklike wedstryd tussen die oud-Affies en die huidige Withaaie. Op die foto bo is die groep manne na dié wedstryd.

Affies se hoof van watersport, mnr. Ferdinand Postma (oud-Affie 1996 tot 2000), is die derde geslag van die Postma-familie wat hier op skool was.

Sy oupa was 'n Affie in die jare 1937 tot 1942 en hy was op sy dag ook die swemkaptein. Sy seun, dr. Ferdi Postma, het in sy voetspore gevolg en het van 1965 tot 1969 sy stempel by Affies afgedruk en die beginjare van waterpolo by AHS beleef. Hy het van sy herinneringe met *Stroom-op* gedeel.

"In 1967 het Piet Borcherds 'n span saamgestel tydens 'n langpouse. Ons het net een span gehad. Oud-regter Wim Trengrove was ons doelwagter, omdat hy nie so goed kon swem nie. Ons het daardie jaar net een wedstryd gespeel – teen Boys High. Hierdie kragmeting, die Amajuba-wedstryd soos ons dit genoem het, het direk ná die sweminterhuis by Hillcrest plaasgevind. Die Suid-Afrikaanse Waterpolokampioenskap is jaarliks in Maart gehou. In 1978 het Noord-Transvaal met drie oud-Affies (ekself, Abie Spies en Louis Prinsen) in die span, koning gekraai."



Alexander Kelbrick

Dr. Postma se seun, oud-Affie Ferdinand Postma, het ná skool aan die SMU Universiteit in Dallas, Texas, studeer. Ná sy terugkeer het hy Affies se waterpolospanne op 'n vlak gebring waar hulle tuis is in die geselskap van ons land se beste waterpoloskole.

LANK LEWE AFFIE-WATERPOLO!

# Kolwe karnuffel die kolonie

-Andru van Zyl-



Die Witkolwe in 'n goeie luim tydens die wedstryd teen Paul Roos.

Die Witkolwe het vanjaar reeds teen 12 van die topkrieketskole in die land kragte gemeet. Uit 13 wedstryde is nege gewen, drie verloor en een het onbeslis geëindig. Hierdie uitslae maak die vroeë krieketseisoen 'n reusesukses.

Die span het by twee geleenthede na die Kaap getoer. Die Peninsula Feestoernooi het uit vyf wedstryde bestaan en het plaasgevind nog voordat die skool amptelik vir die nuwe jaar geopen het. Die Witkolwe het as wenners uit die stryd getree teen St. David's Marist Inanda van Johannesburg, Wynberg Boys' High van die Kaap en Hilton College. Die wedstryd teen South African College High School (SACS) het onbeslis geëindig en die Affie-span moes uiteindelik die onderspit delf teen Bishops Diocesan College.

Die tweede toer na die Kaap was in die middel van Februarie en het drie 50-beurtwedstryde behels. Op dag een het die Witkolwe vir Paul Roos Gimnasium geklop, nadat hul 'n telling van slegs 97 lopies moes jaag. Op die tweede dag het hul vir die tweede keer die jaar vir Wynberg Boys' High School aangedurf, maar het by dié geleentheid in 'n taai wedstryd met 12 lopies kortgekom. Die Kolwe se laaste wedstryd op hierdie toer was net so senutergend. Na 'n uitstekende boulvertoning was die span onder druk toe hul reeds met die eerste bal van die volgende kolfbeurt 'n paaltjie verloor. Senuwees van staal het egter verseker dat die span die wedstryd kon red en hulle het met twee paaltjies geseëvier.

Volgens mnr. Francois Schuld (afrigter) is die Witkolwe vanjaar baie gebalanseerd. "Die span maak nie net staat op individuele prestasie nie, maar beskik in elk geval oor besonder talentvolle spelers." Afgesien van die eerste span, het die o.14A's en o.15A's ook húlle staal tydens die toere na die Kaap gewys. Die o.15A-span het tydens die Peninsula Feestoernooi vier uit vyf wedstryde gewen. Tydens die toer in Februarie het die o.15's twee uit die drie wedstryde gewen terwyl die o.14's in al drie hul wedstryde as oorwinnaars uit die stryd getree het.

Die Affie-krieketspelers het 'n strawwe winterprogram wat parallel loop met die wintersportsoorte. Dit is ter voorbereiding vir die eindjaarseisoen, wat die Pretoria Liga, Noord-Suid krieketoernooi en die Michaelmas krieketweek insluit.

# Atletiekspan bult spiere behóórlik

-Dylan Koegelenberg-

Affies se atlete het 'n uitstekende seisoen beleef met 'n magdom byeenkomste wat weer gesorg het vir uitstekende prestasies sowel as gróót Affie-gees op die pawiljoen!

Die atlete kon litte losmaak by Nelspruit en Affies se vriendskaplike byeenkomste, sowel as by byeenkomste soos die TUT Curro Hazeldean Top 14 en die Randburg/UJ Atletiekbyeenkoms, voordat hulle hul stem by die jaarlikse A-bond Interhoër kon dik maak. Ten spyte van die erge hittetoestande wat die atlete sowel as die toeskouers moes trotseer, wen Affies die seunsafdeling van hierdie byeenkoms met 150 punte teen die naaswenners, Die Hoërskool Menlopark.

Die span verower ook die trofeë vir die beste hekkies en worpe en deel die aflosbeker met Menlopark.

Dewald Bezuidenhout word as Junior Victor Ludorum aangewys.

Kort op die hakke van dié sege wen AHS ook die NWU Superinterhoër waarvoor Affies vanjaar saam met ons susterskool gasheer was. Emil Els (foto onder) word as Junior Victor Ludorum aangewys vir sy prestasie in die 1 500 m en 800 m en hy ontvang ook die prys vir die beste junior seunsbaanatleet.

Hencu Lamberts word op sy beurt aangewys as senior Victor Ludorum en Dewald Bezuidenhout ontvang die trofee vir die beste junior seunsveldatleet.



Foto: Wihann Viljoen

# Groot pret by sweminterhuis

Die sweminterhuis het vanjaar weer by die Hillcrest-swembad in Hatfield plaasgevind en die swemmers, sowel as die toeskouers, het die byeenkoms terdeë geniet. Die Elande het die dag oorheers en het die spankompetisie sowel as die geesbeker gewen.



Foto: Wihann Viljoen



Foto: Wihann Viljoen





Foto: Hernus van Tonder

# Affies se magdom rugbyspanne skop seisoen met 'n knal af

-Andru van Zyl-

Die atletiekskoene was nog skaars in die kas toe 'n volle 27 Affie-rugbyspanne op 8 Maart vir Hoërskool Diamantveld se jaarlikse sportdag na Kimberley vertrek het. Die spanne het op een na ál hulle wedstryde gewen.

Affies het tans in al die verskillende ouderdomsgroepe 'n totaal van 35 spanne en om aan almal speelgeleentheid te gee, moes die manne in die volgende week of twee ver en wyd reis vir vriendskaplike wedstryde teen Helpmekaar, Hoërskool Ellisras, Hoërskool Hans Moore in Benoni en ook teen St. Albans in Pretoria.

Die Noord Suid Rugbytoernooi is weer vanjaar by AHS aangebied en die Witbulle het gemengde welslae gehad, met 'n telling van 25-30 teen Paul Roos en 'n oorwinning van 38-11 teen Stellenberg. Die tweede span het albei hul wedstryde gewen. Ook Affies se oudrubyspelers het hul slag gewys en het voor die aanvang van die toernooi 'n oorwinning van 6-3 teen Paul Roos Gimnasium se Old Boys behaal.

# Hokkiespanne reeds goed op dreef

-Adriaan Nel-

Net soos met die rugby het die hokkieseisoen met 'n vaart begin met proewe en 'n oefenkamp vroeg in Maart, gevolg deur die wedstryde teen Helpmekaar. Die vakansie was besonder bedrywig vir Affies se hokkiemanne. Die o.16B's het aan die Jeppe Feestoernooi deelgeneem. Die o.14A's, die o.16A's en die eerste span het aan die Founder's Festival deelgeneem en gemengde welslae behaal. Die o.14B's was op hulle beurt by die Ken Florens Toernooi in Northwood en het een wedstryd gewen, een gelykop gespeel en twee verloor. Die eerste span het aan die St Stithians Easter Festival deelgeneem en het Glenwood en Clifton geklop.

# Nege medaljes vir atlete by SA's

Agtien Affie-atlete het die afgelope vakansie aan die SA Skole-atletiekbyeenkoms op Pilditch deelgeneem en het nege medaljes verwerf. Dewald Bezuidenhout (gewigstoot), Dandre Brink (400 m), Emil Els (1 500 m), Regardt Hattingh (3 000 m) en Werner Gouws (800 m) het goud gewen. Jordan Meyer (gewigstoot), Dandre Brink (300 m), Emil Els (800 m) en Hencu Lamberts (gewigstoot) is met silwermedaljes huis toe.